

**Skrifgedeelte: Numeri 22:22-39**

**Fokusgedeelte: Numeri 22:22**

**As die Here die getuie teëkom, word die diepste motiewe ontbloot**

'n Donkie wat kan praat. Dit is waarvoor ons die geskiedenis van Bileam altyd onthou. Ongelukkig vergeet ons baie keer om die belangrikste dinge wat hier vir ons vertel word, te onthou. Hoekom het die donkie gepraat? Omdat hy kon sien wat Bileam te blind was om te sien, naamlik die Engel van die HERE wat in sy pad gestaan het. Die Here Jesus self het voor Bileam gestaan en hy kon Hom nie sien nie. Maar sy donkie wel. Die Engel van die Here, waarvan ons in die Ou Testament op verskillende plekke lees, is die gestalte waarin die Here Jesus, voor sy geboorte, aan mense verskyn het.

Dit is belangrik wat ons in die geskiedenis van Bileam moet sien. Nie die pratende donkie nie, maar die Engel van die Here, en sy beheer oor Bileam se doen en late. Hier het ons te doen met 'n gedeelte van die Bybel waarin 'n mens sien dat as die Here die getuie teëkom, die mens se diepste motiewe ontbloot word. Daar is niks wat vir die Here weggesteek kan word nie. Nie eers ons diepste gedagtes nie. Die Here weet altyd waarom ons iets doen. Hy is die kenner van ons hartsgeheime. Daarom kon die Here nie net Bileam, die hoogaangeskrewe heidense siener, verhoed om die volk Israel te vervloek nie. Hy kon hom selfs gebruik om hulle te gaan seën.

Wanneer ons in die diens van die Here staan is die primêre saak:

- Wie is ons Baas?
- Wat is ons boodskap?
- Wat is ons motief? Die beweegredes waarom ons doen wat ons doen.

In die diens van die Here is dit die belangrike sake waaraan ons aandag moet skenk. Ons kan die beste metodes en programme hê, maar in die diens van die Here kom dit altyd terug by hierdie een vraag: VIR WIE DOEN JY DIT?

*Sing: Skrifberyming 15-7:2, 5, 6  
Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)*